

Skriflesing: Rigters 7:1-8; 16-20

Teks: **Rigters 7:20**

Sing- Ps. 131:1,3; Ps. 92:3; Ps. 33:6

Rigters 7

Jdg 7:1 Daarna het Jerúbbaäl, dit is Gídeon, en al die manskappe wat by hom was, vroeg klaargemaak, en hulle het laer opgeslaan by die fontein Harod, terwyl die laer van die Midianiete ten noorde van hom was, van die heuwel More af in die dal.

Jdg 7:2 Toe sê die HERE vir Gídeon: Die manskappe by jou is te veel vir My om die Midianiete in hulle hand te gee; anders kan Israel hom teen My beroem deur te sê: My eie hand het my verlos.

Jdg 7:3 Roep dan nou tog uit voor die ore van die manskappe en sê: Die wat bang is en bewe, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gílead af. Toe het daar van die manskappe twee en twintig duisend omgedraai, en tien duisend het oorgebly.

Jdg 7:4 Daarop sê die HERE vir Gídeon: Die manskappe is nog te veel; bring hulle af na die water, dan sal Ek hulle daar vir jou uitsoek; en van wie Ek aan jou sê: Hierdie een mag met jou saamgaan—dié mag met jou saamgaan; maar elkeen van wie Ek aan jou sê: Hierdie een mag nie met jou saamgaan nie—dié mag nie gaan nie.

Jdg 7:5 Hy bring toe die manskappe af na die water; en die HERE sê vir Gídeon: Elkeen wat met sy tong die water oplek soos 'n hond lek, moet jy eenkant laat staan; en elkeen wat op sy knieë vooroor buig om te drink, anderkant.

Jdg 7:6 En die aantal van die wat gelek het met hul hand na hul mond toe, was drie honderd man; en al die ander manskappe het op hulle knieë vooroor gebuig om water te drink.

Jdg 7:7 Toe sê die HERE vir Gídeon: Deur die drie honderd man wat gelek het, sal Ek julle verlos en die Midianiete in jou hand gee; maar al die ander manskappe kan elkeen na sy woonplek gaan.

Jdg 7:8 Daarop neem hulle die padkos van die manskappe en hulle ramshorings in hul hand; en hy het al die manskappe van Israel laat gaan, elkeen na sy tente toe; maar die drie honderd man het hy agtergehou, terwyl die laer van die Midianiete onderkant hom in die laagte was.

Jdg 7:16 En hy het die drie honderd man verdeel in drie dele en aan hulle almal ramshorings en leë kruike, met fakkels binne-in die kruike, in die hand gegee

Jdg 7:17 en aan hulle gesê: Kyk na my en maak net so; en kyk, as ek by die buitenste lyn van die laer kom, dan moet julle maak net soos ek maak.

Jdg 7:18 En as ek en almal wat by my is, op die ramshoring blaas, moet julle ook op die ramshorings blaas rondom die hele laer, en julle moet sê: Vir die HERE en vir Gídeon!

Jdg 7:19 Toe kom Gídeon en die honderd man wat by hom was, by die buitenste lyn van die laer, met die begin van die middelste nagwaak toe hulle skaars die wagte uitgesit het, en hulle blaas op die ramshorings en slaan die kruike stukkend wat hulle in hul hand gehad het.

Jdg 7:20 Toe blaas die drie dele op die ramshorings en breek die kruike en hou met hulle linkerhand die fakkels en met hulle regterhand die ramshorings om te blaas, terwyl hulle uitroep: Die swaard van die HERE en van Gídeon!

Skriflesing: Rigters 7:1-8; 16-20

Teks: Rigters 7:20

Sing- Ps. 131:1,3; Ps. 92:3; Ps. 33:6

Die wonderslag van Bloedrivier. Broeder en suster, die wonderslag kan ook genoem word 'n Gelofteslag. Die wonder van hierdie Sondag 16 Desember 1838 laat ons nie die klem lê op die slagting wat daardie dag onder die Zoeloes plaasgevind het nie, maar die klem moet lê op die Gelofte wat daar voor die Here gemaak is. Dit was in elke opsig 'n bo-menslike taak wat op geen manier met menslike vernuf, menslike insig, Voortrekker-briljantheid verbind kan word nie. Ons het wel 'n plig om hierdie dag te vier, maar mag die Gelofteplig eintlik 'n Gelofteblydskap wees.

Watter voorreg en vreugde om die God wat ons dien en die Geloftes wat ons as Afrikaners al voor God gemaak het net 'n slag bietjie nader na mekaar te bring. Dit selfs nog lank voor daar van Afrikaners sprake kon wees, toe was daar al 'n gelofte in die mond van Van Riebeeck wat dit wil lyk die klem geplaas moet word op die feit dat die weldade van die Here nie vergeet moet word nie. Van Riebeeck praat in 1654 om die 6de April met danksegging te vier, as blywende dankdag en 'n dag van gebed sal wees, sodat God die hele tyd/deurentyd al die eer mag kry. 'n Dag tot God se eer met danksegging te vier... Ons volksplanting, ons volksbestaan kan op geen manier van 1652 losgemaak word nie, dit in die koms van Jan van Riebeeck en klink my so 166 amptenare saam met hom. Hulle het 'n volksplanting begin sonder dat dit werklik hulle bedoeling was. Daar was eintlik maar net sprake van 'n verversingspos om die skepe van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie van vars voedsel te voorsien. God het daar anders in voorsien. God se plan was heeltemal anders as wat mense sou kon voorsien.

Tog as Van Riebeeck die klem laat val op die weldade van die Here, dan is hierdie 'n dankdag vir voorspoed wat hierdie 2 jaar al was. 1652-1654... Nou van 1654 na 1838 is ons 184 jaar later seker by die bekendste van geloftes in ons geskiedenis, ja die Bloedriviergelofte. Dit sou nie kon wees 'n dankdag vir voorspoed nie, maar in die grootste nood en benoudheid, met die verskriklikste terugslae en verliese wat in daardie jaar 1838 al oor ons voorouers gekom het, staan hulle aan die einde van daardie jaar, dit is reeds Desember 1838 en hulle benoudheid en besef van hoe afhanklik hulle van die Here is, het moes aangroei en aangroei. In 1654 het die

volksplanting sentraal gestaan, in 1838 het ons 'n volk geword, ja die volkswording het plaasgevind, maar dit het die grootste van krisisse in sy voortbestaan moes aanskou. Daar was menslik gesproke in elke opsig genoeg rede om te wonder gaan ons nie totaal uitgewis word nie. Daardie besef van hoe afhanklik ons van die Here is, het net groter geword.

Ek gaan nie nou verder daarop wil ingaan nie, maar by Paardekraal in 1880 het daar weer 'n gelofte tot die Here gekom. Sommige meen dat dit nie 'n gelofte in die ware sin van die woord was nie, hulle praat van 'n Paardekraal-verbond wat sekerlik ook weer versigtig kragtens die werklike betekenis van 'n verbond benoem moet word. Wat wel ook by Paardekraal sentraal gestaan het, is weer die besef dat ons in die teenwoordigheid van God optree.

Dit is hoe ons die 1838 Geloofte nasê met die woorde- *Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde...* In elke opsig, in elke gelofte gaan dit om *Coram Deo...* **VOOR DIE AANGESIG VAN GOD.** Ons kan dit nader bring deur in hierdie geloftes eintlik belydenisse te hoor. Die belydenis van God wat geëer moet word en ook die belydenis van God wat ryklik kan voorsien, maar tog ook die belydenis hoe die Here alleen my kan help. Belydenisvorming en gelofteaflegging en gelofte-nakoming kan nie vanmekaar losgemaak word. Weereens is dit ook 'n geval van wat God saamgevoeg het, mag ons nie wil skei nie.

Waar ons uit God se Woord Rigters 7 gelees het, gebeurde rondom Gideon is dit een hoofstuk na Rigters 6. Volgens historiese getuienis het Sarel Cilliers op versoek van Andries Pretorius 'n preek uit Rigters 6 en wel dan op 9 Desember, die Sondag voor 16 Desember voor die strafkommando gelewer. Daar word dan selfs ook partykeer na hierdie klompie Voortrekkers as 'n Gideonsbende verwys, in werklikheid 468 manne wat ons voorgegaan het toe die Geloofte die eerste keer op 9 Des 1838 na vore begin kom het en vanaf 9 tot 15 Des het dit net dieper en dieper aangegryp soos dit elke keer weer in gebed aan die Here wou vasgryp. Dit laat ons net weer in die taal van belydenis ons voorgeslagte daar voor die Here sien staan- Hulle besef daar kan nie dapperheid wees as daar nie verootmoediging vooraf is nie. Die verdieping in die ontsettende taak wat voor hulle lê, die opregte hart wat met 'n opregte geloof hulle enigste redding van God moet afsmeek, hierdie opregte hart het altyd nog weer met nugtere denke te

doen want sou hulle nie nugter dink nie, dan sou daar baie in hulle geloofsmoed, in hulle geloofsvertroue in hulle geloofsdade verkeerd loop.

Daarom geliefdes Rigters 7 wat ons vandag die gedeeltes uit kon lees, het met dit alles te make. Gideon in sy roeping en in sy afhanklikheid van die Here het vir hierdie 468 manne 'n groot rigsnoer kon word. By Gideon was daar op die einde maar 300 manne. Ja, in Rigters 7 was daar 'n oorwinning waar menslik gesproke geen oorwinning kon wees nie. Ons kan as opskrif hier skryf die oorlog van die kruike. Wie gaan nou oorlog toe met 'n basuin ('n ramshoring) in die regterhand met 'n kruik in die linkerhand en met 'n fakkel in die kruik. Dit is eintlik sulke eienaardige wapens, dit wat eintlik nie wapens genoem kon word nie.

Onthou hoe min Gideon hulle ook was. Gewoonlik sal ons dink hoe meer soldate hoeveel beter is die kans op oorwinning. Hulle was darem aanvanklik 'n allemintige 32 000 manne. Hier gebeur die eienaardige dat die leer van Gideon was te groot in God se oë. Daarom kon daar 'n keuse gemaak word. Dié wat gevoel het hulle onttrek, hulle het genoeg gehad, alles is nie meer die moeite werd nie, vrywillig kon hulle huis-toe gaan. 22 000 manne maak hierdie keuse.

Die leer het maar 10 000 manne oorgehad. Steeds maak die Here dit duidelik hulle is nog te veel. Die verdere verskil sou kom nie in hoe vaardig hulle die swaard kan hanteer, hoe vinnig elk kan hardloop, watter veteraan dié of daardie één was nie, maar gewoon in hoe hulle water drink. Daar kom toe weer die groot skeiding. Toe hierdie 10 000 manne by water gebring is, is daar opgelet hoe gaan hulle die water drink. Die wat op hulle knieë gesak het en die water soos 'n hond direk met hulle tonge opgelek het, is geskei van hulle wat ook op hulle knieë was maar hulle het nie die water direk opgelek nie, maar het met hulle hande die water na hulle monde opgeskep.

Die hand-drinkers was maar 300 uit die 10 000 en was dit net hierdie 300 wat ons die besondere oorwinning, ja iets wat onmoontlik gelyk het, 'n totaal buite die kwessie waagstuk sou baie meen, met hulle gaan God die teendeel bewys. Van 32 000 na 300 verminder, lyk alles behalwe na 'n goeie strategie as dit van mense afhang. En dan kom die volgende dat hulle 300 manne nog weer in 3 groepe moet deel, 100 in 'n groep.

En dan kom die opdrag die Midianiete, die gedugte vyand moet deur hierdie handjievul omsingel word. Wel, in die nag terwyl die Midianitiese soldate in die vlakte van Jisreël hulleself hierdie nag ingewikkel het, almal reeds aan die slaap. Toe al drie groepe uit die Gideons-afdelings naby genoeg was, die manne was van drie kante omsingel, toe word die sein gegee om net hulle basuine te blaas, ja soos wat hulle blaas so is die basuingeklanke die vlakte oor en dan word die kruike gebreek en die vlamme fakkels uit daardie kruike het dit laat lyk of 300 man eintlik duisende is. Dit bring onder die Midianiete 'n geweldige verwarring, so onverwags so deurmekaar as kan kom het die Midianiete geglo hulle is totaal oorweldig deur 'n oormag dat hulle verbouereerd teen mekaar vashardloop en maak hulle mekaar met hulle swaarde dood, terwyl al wat Gideon en sy manne gedoen het, was om die fakkels omhoog te hou wat die kruike stukkend aan hulle voete was.

Geen strategie of vaardigheid of menslike plan van briljantheid het gegeld nie, maar God wat in die blaas van 'n 'n ramshoring ons iets laat sien van hoe God die asem laat werk, ja hoe God sy Heilige Gees laat werk. Van die begin van die wêreld af het God sy Gees die mens ingeblaas wat nou kan uitblaas dit wat ook 'n goddelike opdrag was. Blaas net die basuin! Die mens wat voor God nie homself kan laat geld nie, die mens wat uitblaas, die mens wat breek, wat lyk hy word net swakker, want dit wat breek is tog geen verbetering nie, maar uit daardie gebreekte kruike het vlamme fakkels geskyn.

Elke fakkeltjie wat eintlik die ligglans verder en meer sou maak wat ons wil herinner aan die ware betekenis dat God se Woord is 'n lig, is 'n lamp, is 'n fakkeltjie. Die werklike oorwinning lê in die Woord wat deur God geïnspireer is, ingeblaas is, die gebreekte riet en die swakke mens, in Gideon-terme die gebreekte kruik raak nie sterker nie, maar word tog kragtiger as die lig dááruit kan skyn. Dan is ek nie sterk voor my vyande nie maar ek is tog wel kragtig tot die stryd opgeroep want nou is die mens se gebreekte en verswakte vermoë God se krag wat God ons laat besef wanneer ek swak is dan is God sterk.

Is dit nie presies wat ons volk se geskiedenis van 1838 bevestig nie. Hulle was verswak en nogmaals verswak. Die moord op Retief 6 Feb. 1838, 2 weke later die verskriklike nederlae by

Bloukrans en Moordspruit waarin 185 kindertjies en 100 grootmense afgemaai is. Die toneel van kindertjies wat teen wawiele doodgeslaan word, wie kan daarvan niks oorhou nie!? Jong vrouens met skerp stokke in hulle onderlyf deurboor en dan net so te laat lê, wat die Zoeloe laat glo het so maak jy met hulle wie jy haat. Hulle uit wie die volk se nasate gebore sou moes word. Toe April 1838 weereens die verlamme, die tragiese Piet Uys en sy seun Dirkie Uys by die slag van Italeni. Piet Uys wat nie gedink het voor daar gedoen is nie. Potgieter word verkwalik, hy wat nie so onverskrokke soos die Uys kommando te werk gegaan het, wat sy kommando teruggehou het, kry die beledigende naam van hulle is 'n vlugkommando. Dit laat Potgieter besluit met hierdie mense gaan hy nie verder nie, so trek hy Natal uit. Broedertwis, Afrikanertwis was ons volk nog seker geen dekade gespaar gewees nie.

Ja, die besef wanneer ons swak is dan is God sterk, tesame met die slag van Bloedrivier laat ons in die oorlog van die kruike so duidelik sien dat die weg van God anders is as die weg van die gedagtes van die mens. Ons sou eerder die 32 000 man nog weer wou maak maar God verminder die Gideonsbende net tot 300. Aan slimpraatjies en kortsigtige kritiek sou dit in daardie langvervloë dae sekerlik nie ontbreek het nie. Ons soek al meer na dodeliker wapens maar God gaan oorlog toe met 'n ramshoring en 'n kruik, ja 'n gebreekte kruik met 'n fakkel daarin! Allermens dinge wat gemaak is om mee te veg.

En die oorwinning is net aan God te danke. Niks waarop die mens kon roem nie. Broeder en suster dit laat ons maar weereens besef wat ons kragtigste wapens nou nog in ons tyd is. Bowedal die Woord van God. Nie dat die Woord lyk of daarmee geveg kan word nie, maar in wat God sê en in wat God se beloftes is, daarin vind die Woord die krag van die Heilige Gees wat in alles die sterkste is. Niks wat daarteen kan staande bly nie. Geen weerstand kan daarteen behoue bly nie. Met die Woord as wapen, as swaard van die Gees, besef ons by hierdie viering van die Geloofte, die kruis op Golgota het ook gelyk so 'n verlore saak te wees. Niemand het besef dit wat so swak lyk, die Een wat vir ons swak gemaak moes word, Hy moes Homself in alles verswak, ontledig kan ons ook sê, Hy is gebreek soos die stukkende kruike op die Gideons-slagveld, die verlore stukkies sou niemand kon optel nie, maar die fakkel het brandende geword. Christus wat dood was, wat begrawe is, wat in alles die angste van die hel moes deurgaen, voor Hy nog gesterwe het, daardie eerste Sondag na die kruis, toe was dit reeds duidelik hier het die grootste

oorwinning wat daar nog ooit kon wees plaasgevind. Die ramshorings, die basuine kan al harder geblaas word, Christus het opgestaan, Hy lewe, niks wat Hom kon keer nie. Op die slagveld van die kruike, in die oorlog van die kruike moes almal na die oorwinning dit sê- *Vir die Here en vir Gideon....*

Ja, as ons die Geloofte van 1838 vier dan moet dit gaan om vir die Here die eer te gee. Mense wat in hulle Geloofte gesê het- “ **Hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde...**” Ja, ons besef hulle het met opregte harte en ’n opregte geloof hulle redding van die Here afgesmeek. Moet ons nie dit ook nog doen nie?! Ons besef hulle optrede het gespreek van nugtere geloofsdenke oor die ontsettende taak wat voorlê... Hoe nodig het ons weer die nugterheid in die geloof want die taak wat vir ons in hierdie land voorlê is geweldig! 1838 se Geloofte waar mense hulle voor God gestel het spreek van geloofsmoed waarmee hulle hul taak moes aanpak. Ja, broeder en suster, hoe nodig is dit dat ons weer manne en vroue in ons kerke, in ons stede, in ons dorpe, op ons plase, waar ook al sal kry, dat daar dinge gedoen word met geloofsmoed. En dan die geloofsdaad die geloofsvertroue wat dit alles moes afrond. By Bloedrivier was dit duidelik ’n gelofte wat gespreek het in vertroue en dade.

Ja, alles in die geloof, net met die geloof as wapen moet ons 2015 ingaan, met opregte geloof, nugtere geloof, geloofsmoed, geloofsvertroue, geloofsdade, dan is die oorlog van die kruike reeds oorwin, want ons in onself is maar swak soos kruike, maar ons het ’n fakkel in ons, die fakkel wat in donker Afrika, ja wie wonder nog daarvoor of Afrika nie maar besig is om al donkerder te word nie, ek wonder lankal nie meer nie, maar die fakkel moet bly brand.

AMEN